

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-6:1, 6 (20:1, 6)

- 1 Bo^on strandelose^oen donker see / van eindelose wêreldwee
verhef die skepsel hom – / die kop hóóg-uit, om deur die nag
te speur wanneer die gloriëdag / van al Gods kinders kom.

- 6 Ons sug, want daar 's geen oogbewys! / Maar hoop het ons weer op laat rys
in die ontkomingstryd; / want as ons sien, hoop ons nie meer;
maar as ons hoop dan leef ons weer / en wag in lydsaamheid.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Gebed

Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Skriflesing: Hebreërs 6:1-20; Numeri 35:9-15

Kernverse: Hebreërs 6:19-20

**En ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot
binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan
het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het
vir ewig.**

(Hebreërs 6:19-20 AFR53)

Tema: Die anker wat ons siel bestendig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Hebreërs 6:10-12 het die Heilige Gees ons
verseker daar is drie bewyse waardeur 'n mens seker kan wees dat jy deel het aan die
ware verlossing deur Jesus Christus. Hierdie drie bewyse is liefde, hoop en geloof. Die
Heilige Gees het die Joodse Christene vir wie die boek Hebreërs eerste bedoel was,
aangeprys omdat hulle liefde vir die Naam van God toon deurdat hulle die medegelowiges
gedien het en dit steeds doen. Daarop het Hy hulle aangespoor om nou ook net so gretig
te wees –

om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe.

(Hebreërs 6:11 AFR53)

Hoe meer die volkome sekerheid van die hoop in hulle toeneem, hoe meer sal hulle deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte kan wees (Heb 6:12).

Om hoop te hê en te behou was juis hierdie Joodse Christene se probleem. Hulle het nie die volkome sekerheid van die hoop gehad nie; aan die een kant omdat hulle toegelaat het dat die valse gelowiges – daardie Jode wat met 'n verskuilde agenda graag met hulle geredeneer het – hulle terughou om volwasse te word in Christus. Dit is daardie valse gelowiges van wie die Heilige Gees in vers 4 tot 6 gepraat het. Aan die ander kant het hulle nie die volkome sekerheid van die hoop gehad nie omdat hulle nie meer die grootheid en verhewenheid van Jesus Christus besef het nie. En noudat hulle nie meer die belangrikheid van Jesus Christus besef nie, lyk die vervolging en ellende wat hulle van die ongelowige Jode se kant af beleef het vir hulle oorweldigend groot. En die bietjie hoop wat miskien nog daar was, is besig om weg te sypel.

Die hoop waarvan die Heilige Gees hier praat, is nie dieselfde as om optimisties te wees nie. Die ewige optimis hou hom dikwels blind vir die harde werklikheid en bekyk alles van die ligte kant af, maar daar is nie regtig 'n rede hoekom hy so positief is nie. Om optimisties te wees is maar net sy geaardheid. Bybelse hoop is ook optimisties maar dit berus op sekerheid en waarheid en nie op 'n opgewonde gevoel wat net altyd die blink kant in alles raaksien nie. Aangesien ons God die God van hoop is (Rom 15:13), behoort ons mense van hoop te wees in hierdie hopelose wêreld, want ons behoort aan Hom en is beeld van Hom. Mense van hoop is seker van God se beloftes in Christus.

Die Heilige Gees ignoreer nie die vervolging en ellende wat hierdie Joodse Christene beleef nie. Maar in plaas daarvan dat Hy ook nog hulle aandag op hulle ellende vestig, vestig Hy eerder hulle aandag op Jesus wat ver verhewe is bo die engele en die profete omdat Hy die Seun van God is. Maar Jesus is ook nie so ver verhewe bo die mense wat aan God behoort dat Hy nie met hulle swakhede medelye kan hê nie. Hy is die ewige Hoëpriester wat God aan sy kerk gegee het. Met hierdie aansporing gee Hy aan die Joodse Christene hoop – 'n standvastige vreugde wat berus op die beloftes van God wat nie kan lieg nie.

Die Heilige Gees gebruik die beeld van 'n anker wat net hier in die hele Bybel voorkom. Hierdie anker gaan egter nie af in die water in nie, maar op na die hemel toe agter die voorhangsel in waar Jesus as ons voorganger ingegaan het. Daar is Hy ons ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek. Sodoende bring die Heilige Gees die onderrig aangaande Jesus terug na die hoëpriesterskap van Jesus nadat Hy eers op 'n syspoor gegaan het toe Hy die Christene vermaan het om nie net by die begin aangaande die leer van Jesus stil te staan nie. In hierdie gedeelte leer die Heilige Gees ons dat die vaste hoop op ons finale verlossing 'n anker is wat ons siele bestendig hou terwyl ons in die teenswoordige storms op God wag.

Broers, susters en kinders, 'n skip laat sy anker in die water sak om te verhoed dat die skip in stormwaters nie op die rotse loop nie. In baie sterk seestrome word 'n anker gesleep om op die vasgestelde koers te bly. Maar selfs in kalm waters word die anker laat sak, sodat die skip nie teen iets kan stamp en moontlik sink nie. In die storms van die lewe en selfs in die kalm tye van ons lewens het ons 'n anker vir ons siele nodig sodat ons lewens nie verwoes word nie.

In vers 19 staan daar geskryf:

en ons het dit as 'n anker van die siel ... (Hebreërs 6:19a AFR53)

Party verklaarders meen die woord *dit* verwys na die *kragtige bemoediging* of na die *hoop* in vers 18. Ander meen weer dat Jesus self ons hoop is en daarom is Hy ons anker. Hierdie verskillende verklarings oorvleuel mekaar en vul mekaar aan. God se vaste beloftes gee aan ons die kragtige bemoediging om vas te hou aan die hoop wat voorlê. Ons hoop nie op hoop self nie. Ons hoop is in Christus en alles wat in Hom aan ons belowe word. Ek verstaan dat die anker die vaste hoop op die verlossing is wat God in Christus skenk. Wanneer die storms van die lewe om 'n mens woed, sal ons bestendigheid hê vir ons siele tot die einde toe, as ons vashou aan die hoop op Jesus se verlossingswerk.

Die absolute sekerheid van ons verlossing word oor en oor in hierdie agt verse beklemtoon. Abraham dien as voorbeeld van iemand wat deur die geloof en lankmoedigheid erfgenaam van die belofte is (Heb 6:12, 15). Die Heilige Gees neem ons in hierdie verse terug na Genesis 22:16-17. Abraham se geloof in God het duidelik geword deurdat hy nie geweier het om vir Isak aan die Here te offer nie. God het toe by Homself gesweer dat Hy Abraham ryklik sou seën en sy nageslag grootliks sou vermeerder. Hierdie gebeure van Genesis 22 word nou toegepas op hierdie erfgename van die belofte – die Joodse Christene wat in Christus glo. Kom ons volg die Heilige Gees wanneer Hy ons wys hoekom ons hoop op die verlossing in Christus vas en seker is.

Die eerste rede hoekom ons hoop op die verlossing in Christus vas en seker is, is omdat iemand wat op die beloftes van God vertrou het nog nooit teleurgestel is nie. Abraham is die bewysstuk wat die Heilige Gees aan ons voorhou. Teen alle menslike logika in het Abraham geleer dat God werklik vertrou kan word. In Romeine 4 noem Paulus Abraham die vader van die gelowiges. Dan voeg hy later by:

Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees. (Romeine 4:18 AFR53)

Abraham se lewensverhaal is die getuigenis van God se inisiatief en beloftes waarop Abraham reageer in geloof. Die Here het uit sy eie vir Abraham uit sy volk en sy vader se huis geroep om weg te trek na die land wat die Here aan hom sou wys.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. (Hebreërs 11:8 AFR53)

Dit was nie so 'n maklike opdrag nie. As jy in daardie tyd getrek het, het jy nie 'n vervoermaatskappy gehad wat jou kom help verhuis nie. Jy moes dit self doen. En as jy honderde kilometers van jou familie af weggetrek, was dit 'n skeiding vir 'n baie lang tyd of vir altyd. Daar is nie telefone en SMS'e om nog in verbinding te bly nie. En van die land waarheen hy moes verhuis, het hy net mooi niks geweet nie.

Abram het die Here gehoorsaam en getrek. God het ook belowe om hom 'n groot nasie te maak. Sy naam beteken immers “verhoogde vader”, maar sy vrou Sarai is onvrugbaar. En hulle was ook nie meer bloedjonk nie. Abram was vyf en sewentig jaar oud toe hy van sy familie af weggetrek het. Dink net hoe snaaks sou die mense in Kanaän hom aangekyk het as hy homself aan hulle voorgestel het: *Hallo, my naam is Abram*. Dan antwoord die Kanaäniet: *Aangename kennis. Hoeveel kinders het jy?* Dan moes Abram antwoord: *Nog nie een nie*.

En toe Abram nege en negentig jaar oud was, verander die Here sy naam na Abraham wat beteken *vader van menigte*. Vir die wêreldse mens sal dit klink of die Here van Abraham 'n grap maak. Vier en twintig jaar gelede het die Here belowe dat Abraham

’n groot nageslag sal hê, maar steeds het hy nie kinders nie behalwe vir Ismael by Hagar. Dink net hoe sou die heidene vir Abraham uitgelag het oor sy naam terwyl hy maar net een seun het.

Toe Abraham op die ouderdom van honderd vyf en sewentig jaar gesterf het, het daar baie volke uit hom voortgekom in die nageslagte van Ismael en die seuns wat hy by Ketura gehad het (Gen 25:1-4, 12-18). Maar uit die beloofde seun Isak het Abraham net tweelingkleinseuns, Esau en Jakob, gehad. In Kanaän het hy niks besit nie behalwe ’n begraafplaas waar Sara begrawe was. Maar Abraham het in die geloof gesterf,

want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is. (Hebreërs 11:10 AFR53)

Abraham self het nie sy baie groot nageslag gesien nie, maar deur die geskiedenis is God se belofte aan hom oor en oor bevestig met ’n nageslag soos die sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is (Heb 11:12). Die les wat die Heilige Gees aan die Joodse Christene en ons leer: Daar was nooit iemand wat op die Here se beloftes vertrou het en op die ou end teleurgestel was nie. Dit mag gebeur dat ons nie gou die sigbare vervulling van sy belofte sien nie, want Hy vervul sy belofte op sy tyd, nie ons tyd nie. Dit mag selfs gebeur dat ons die vervulling van die belofte eers sien wanneer ons by die Here in die hemel is, soos wat dit met Abraham gebeur. Maar God is uiters betroubaar. Hy hou sy woord. As Hy dan ewige verlossing belowe aan die mens wat in Jesus Christus glo, kan jy maar daarop reken dat dit waar sal word.

Die tweede rede hoekom ons hoop op die verlossing in Christus vas en seker is, is omdat God se doel onveranderlik is. In vers 17 lees ons dat God aan die erfgename van die belofte nog kragtiger wou toon dat sy raad onveranderlik is. Die woord wat ons met *wou* vertaal, dra ook die betekenis van *doel*. God wil iets doen en niks sal Hom keer nie. In hierdie gedeelte van Hebreërs sien die doel en raad van God op sy Seun. Hy wil sy Seun as ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisédék aan sy uitverkore mense gee. Hierdie doel wys ook daarna dat God Homself wil verheerlik deurdat sy Seun mense kom verlos wat erfgename van die belofte is.

Dit is ondenkbaar dat die soewereine God sy Seun sal stuur om mense te verlos sodat Hyself verheerlik kan word, maar Hy los die vervulling van sy doel aan die sogenaamde vrye wil van die mens. As God die verlossing oorgelaat het aan die gevalle sondears om self daarvoor te kies, sou niemand verlos gewees het nie, want daar is niemand wat uit sy eie na God soek nie (Rom 3:10-18).

God noem sy mense hier **erfgename van die belofte**. Erfgename kies nie self om erfgename te wees nie. Ja, as ons self kon kies van wie ons graag sou wou erf, sou dit nogal aangenaam gewees het. Maar ongelukkig kan geen mens kies van wie hy ’n erfgenaam wil wees nie. Dit is die reg van die een aan wie die eiendom behoort om self in die testament te skryf wie die erfgenaam sal wees.

En tog is daar so baie mense vandag wat sê dat God aan al die mense ’n gelyke kans moet gee om self te kies om sy erfgename te wees. Wie so redeneer, keer die Bybelse leer oor die uitverkiesing op sy kop. God word dan van sy oppergesag beroof. God se oppergesag beteken juis dat Hy self sy erfgename kies. Van al die mense in Ur het Hy vir Abraham gekies. Hy het nie vir Ismael nie maar vir Isak gekies. Hy het vir Esau verwerp en vir Jakob verkies. Hy het die een nie bo die ander een verkies omdat Isak of Jakob beter was nie. Inteendeel, Hy het sy besluit geneem nog voordat hulle enigiets goeds of kwaads kon gedoen het (Rom 9:11).

Die mense wat God dan van onregverdigheid wil beskuldig omdat Hy net sommige uitkies om erfgename van die belofte te wees, moet mooi dink. Aangesien daar nie een mens is wat uit sy eie na God soek nie en almal ewe opstandig is teen God, is die uitverkiesing juis die getuienis van God se barmhartigheid. Hy kies iemand wat niks met Hom te doen wil hê nie, en met sy liefde en genade omvorm Hy daardie mens tot iemand wat die Here liefhet.

Dit was van ewigheid af God se doel om sy Seun as ewige Hoëpriester aan sy uitverkore mense te gee om hulle ewig te verlos en Hy sal sy doel bereik. Niks sal Hom keer nie. Wie egter God se soewereine uitverkiesing ontken, maak die sekerheid oor die verlossing wankelig. Maar as ons hoop op die verlossing berus op God se doel met die erfgename van sy belofte, is ons hoop vas en seker.

Die derde rede hoekom ons hoop op die verlossing vas en seker is, is omdat dit onmoontlik is dat God sal lieg. In vers 18 sê die Heilige Gees dat dit onmoontlik is dat God sou lieg. Eintlik is dit vanselfsprekend, want as God sou lieg, het Hy Homself verloën. Dan was Hy nie meer God nie, want God is in sy wese waarheid. As die Here dan aan ons openbaar dat Jesus reiniging van ons sondes bewerk het (Heb 1:3) en dat Hy agter die voorhangsel as ons ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisédék ingegaan het (Heb 6:20), kan ons verseker weet dit is die waarheid. Ons het nie nodig om Hom te bevraagteken nie.

Ons mense het in onself die geneigdheid om die waarheid so te buig dat dit ons die beste pas. Ons wil nie sleg in ander mense se oë lyk nie, daarom vertel ons sogenaamde wit leuentjies. Ons wil nie meer belasting betaal as wat ons reken ons moet nie, daarom verswyg ons sekere inligting. En terselfdertyd kan ons so boos raak wanneer iemand anders nie die volle waarheid met ons praat nie.

Maar hier leer ons God ken as die God wat nie kan lieg nie. Hy het in alle ewigheid nog nooit gelieg nie. Wanneer ons egter sy beloftes in twyfel trek – veral sy belofte aangaande die verlossing vir hulle wat in Jesus Christus glo – dan noem ons God 'n leuenaar. Dit is wat ons in die eerste brief van Johannes hoor:

Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. (1 Johannes 5:10 AFR53)

Ons hoop op die verlossing in Christus staan dus onwankelbaar vas, want God kan nie lieg nie.

Die Heilige Gees het tot dusver vir ons drie redes gegee waarom ons hoop op die verlossing vas en seker is. God kom altyd sy beloftes na – geen mens wat op sy beloftes vertrou het, was al ooit teleurgestel nie. God se doel om sy uitverkore mense deur sy Seun te verlos, is onveranderlik. Dit is onmoontlik dat God sal lieg. Daar is egter nog een rede.

Ons hoop op die verlossing in Christus is vas en seker omdat God sy belofte met 'n eed bevestig het. Inderwaarheid is God se woord alleen genoegsaam, aangesien Hy nie kan lieg nie. Maar nou hoor ons hier dat God by Homself 'n eed gesweer het. Hy wil hê dat sy mense doodseker sal wees oor sy belofte. Omdat God kragtiger aan die erfgename van die belofte wou toon dat sy raad onveranderlik is, het Hy sy belofte met 'n eed gewaarborg (Heb 6:17). Dit is as gevolg van ons swakheid – omdat ons so maklik twyfel – dat God by Homself 'n eed gesweer het.

In vers 16 sê die Heilige Gees hoekom mense 'n eed aflê. 'n Eed bevestig die waarheid van ons woorde en skakel alle teësprak uit. Vir die mens wat onder eed lieg, wag daar 'n baie swaar straf – nie net van die Here af nie, maar ook van 'n wêreldse owerheid af. Maar wanneer God wat nie kan lieg nie nog boonop sy belofte met 'n eed waarborg, bevestig Hy dit dat sy belofte absoluut waar is. Ons het dus twee onveranderlike dinge – God se belofte en God se eed – wat ons hoop op die verlossing in Christus vas en seker maak.

Maar hoekom is dit so belangrik om die vaste hoop te hê? Watter verskil maak dit aan ons lewe van elke dag?

Kom ons luister wat die Heilige Gees ons hier leer in die omstandighede van hierdie Joodse broers en susters van ons aan wie Hy hierdie boek geskryf het. Die ewige verlossing is verseker vir almal wat hulle toevlug in Christus geneem het. In vers 18 identifiseer die skrywer homself met hierdie Joodse Christene wanneer hy sê **ons wat ontvlug het**. Hier word nie gesê waarvan hulle ontvlug het, maar die Joodse Christene sou dadelik aan die asielstede of vrystede gedink het waarvan ons in Numeri 35 gelees het. Dit is stede waarheen hulle kon vlug en veilig wees as hulle skuldig is aan manslag. Hierdie stede is tekenend van die toevlug wat God in sy Seun aan sondaars gee. In Christus is ons veilig van die komende oordeel.

In vers 20 lees ons dat Jesus as ons voorloper ingegaan het agter die voorhangsel omdat Hy ons ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisédek. Daar agter die voorhangsel kan 'n sondaarmens nie ingaan nie, want hy sal oombliklik sterf weens die heiligheid van God. Alhoewel mense deesdae nie die heiligheid van God en hulle eie sondige aard verstaan nie, het elke mens 'n toevlug nodig – 'n plek waar hulle veilig kan wees van God se toorn en komende oordeel. Jesus Christus is daardie toevlugsoord wat God aan ons geskenk het. Het ons al regtig ons toevlug tot Jesus geneem of vertrou ons nog op enige iets wat ons self kan doen? Wie op sy eie werke staat maak, sal nooit seker kan wees van sy verlossing nie. Ons hoop op verlossing moet in Christus alleen gevestig wees; dan kan ons seker wees van ons verlossing.

Wanneer ons ons toevlug tot Christus geneem het, moet ons ook vashou aan die hoop wat voorlê. Ons verlossing is verseker, want dit berus op die belofte en onveranderlike doel van God. Daarom is dit nie ons wat met ons swak armpies en handjies aan God vashou nie, maar Hy wat ons met sy sterke arm vashou, en dit is sy vashou wat ons hoop op die verlossing in Christus vas en seker maak. Maar ons word hier opgeroep om vas te hou aan die hoop. Hoekom moet ons ook vashou as God ons stewig vashou?

Hierdie oproep herinner aan wat Paulus van homself in Filippense 3 sê. Hy het alles prysgegee om Christus as wins te verkry sodat hy voor God geregtigheid kan vind en daardeur die ewige lewe. Maar daar moenie 'n misverstand wees nie. Paulus is nog nie volmaak daar nie. Daarom sê hy:

Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. (Filippense 3:12 AFR53)

Omdat Jesus Christus vir Paulus uit genade gegryp het en eiendom van Hom gemaak het, strewende Paulus daarna om die volmaakte, ewige verlossing ook syne te maak. Ons het voortdurend 'n stryd in onself om nie moedeloos te word in ons wedloop hier op aarde nie. Ons kan hierdie moedeloosheid alleen bestry wanneer ons vashou aan die hoop op die verlossing in Christus. Daarom het God sy belofte en eed gegee om ons kragtig te bemoedig om vas te hou.

Want die eintlike rede hoekom ons die hoop op die verlossing in Christus as anker het, is omdat ons baie maal in storms verkeer terwyl ons wag dat God die belofte as erfenis aan ons gee. Abraham het die belofte verkry nadat hy geduldig daarop gewag het. Maar die wag was nie altyd so maklik nie. Hy het ook bang geword en het self plannetjies gemaak om te verseker dat God se belofte nie iewers in die niet verdwyn nie. Maar ondanks sy struikeling in wanhopigheid het die Heilige Gees in hom bly werk sodat hy teen hoop in kon bly hoop.

In hierdie lewe sal ons met baie storms te doen kry wat gaan dreig om ons van die hoop in Christus te beroof en ons lewens te verwoes. Daar is die storms van dwaalleer wat ons van koers sal wil blaas (Efes 4:14). Ons sal deur so 'n storm behoue kan bly as ons bly vashou aan die hoop dat ons verlossing in Christus alleen deur genade alleen verseker is.

Daar sal storms van twyfel in ons harte kom woed. Dit is in daardie storms wat ons begin wonder of die Christelike geloof tog reg is, of 'n mens begin selfs twyfel of God regtig bestaan. So 'n storm sal ons kan oorleef wanneer ons terugkom na die waarheid dat Jesus werklik uit die dood uit opgestaan het. Christus se opstanding is die rots van ons geloof, want as Hy nie opgestaan het nie, is ons geloof tevergeefs (1 Kor 15:1-19). Maar omdat Christus opgestaan het, is ons ewige verlossing verseker en ons kan rustig ons hoop op Hom vestig.

Miskien sal ons ook nog die storms van vervolging beleef. In daardie storms sal ons vra hoekom God dit toelaat, en ons gaan wonder oor sy liefde vir ons. So 'n storm sal ons oorwin wanneer die Heilige Gees ons weer daaraan herinner dat God sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom vir ons almal oorgegee het. En hierdie God het belowe om ons by die onuitspreeklike heerlikheid te bring, want Hy het ons lief (Rom 8:31-39).

Of daar kan 'n storm van nederlaag in ons woed omdat ons weer 'n keer in die sonde geval het en die Heilige Gees bedroef het en die Here Jesus Christus oneer aangedoen het. Ons oorleef so 'n storm wanneer die Heilige Gees ons nog 'n keer herinner dat Jesus, ons ewige Hoëpriester, vir ons bid dat ons geloof ons nie sal begewe nie en dat Hy ons in genade sal herstel (Rom 8:34; Luk 22:32).

Ons lewe in 'n wêreld wat sonder hoop en sonder God is (Efes 2:12). In hierdie wêreld moet ons uitstaan as mense van hoop. Die vaste hoop op ons verlossing is die anker wat God vir ons gee sodat ons siele bestendig kan wees in die storms wat rondom en in ons woed. En hierdie anker wat ons het is in Jesus Christus vas wat as ons voorloper agter die voorhangsel by God ingegaan het as ons ewige Hoëpriester.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 5-4:2, 3, 5, 6 (10: 2, 3, 5, 6)

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry, / van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag? / Benoudheid wat ons hier nog wag?
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Augustus 2014